

Woensdag 31 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-10

Fokusgedeelte: Openbaring 19:7-9

Maak gereed vir die bruilof van die Lam

Om te verstaan hoe die bruilof van die Lam betrekking op ons lewens en op ons huwelike het, moet ons weet wat voor 'n bruilof in die Bybel se tyd gebeur het.

Die bruidegom het na die meisie se huis toe gegaan en hulle het verloof geraak. Ná die verlowing is die meisie al beskou as die vrou van haar verloofde (Matt. 1:18-20), daarom moes sy aan hom getrou bly. Sy het haar dan ook met groot sorg gereedgemaak vir die dag wanneer haar bruidegom kom (vs 7c).

So moet ons, die gelowiges, as bruid van Christus, getrou aan Hom en gehoorsaam aan sy Woord gereedmaak vir sy koms. Hy het met sy eerste koms die duiwel, sy groot vyand, verslaan en ons verlos (Ef. 5:23c). Hy is ons Koning, Hy regeer en versorg ons. Hy rus ons toe met fyn klere, helder blink van kleur, wat dui op die genade wat ons ontvang om deur alles heen gehoorsaam en getrou op sy koms te wag.

In die Bybelse tyd het die bruidegom op die bruilofsdag eers na die bruid se huis toe gegaan en daarna het hulle saam na die bruidegom se huis gegaan waar die bruilof gehou is (Matt. 25:1-11). Die bruidegom is met groot gejuig ontvang, wat ook kenmerkend sal wees van die wederkoms van Jesus Christus (vs 7). Hy sal toegejuig word deur die gelowiges wat deur sy genade, anders as die wêreld, gereedgemaak het vir sy koms. Hulle is die geseëndes wat uitgenooi is na die bruilofsmaal van die Lam. Maak dan deur die krag van sy Gees gereed vir sy koms en streef daarna dat ook jou huwelik 'n afbeelding sal wees van die verhouding tussen Christus en sy kerk (Ef. 5:32). Hy wat sy bruid getrou en met liefde versorg en sy wat aan Hom getrou bly.

Sing: Skrifberyming 18-3:7, 8 (sing ook op Ps. 149 se wysie)

Ds. JB du Plessis (Jan) (emeritus)